# Kommunikasieplan van die
# Universiteit Stellenbosch (US) Transformasiekantoor
# vir 2020

*Hoofdoelwitte:* Om US-navorsing oor transformasie en transformasieverwante onderwerpe oor te dra en te versprei, en om die Universiteitsgemeenskap op hoogte te hou van streeks-, nasionale en internasionale ontwikkelings op die gebied van transformasie in die hoër onderwys in die besonder en die samelewing in die algemeen.

**Die gebruik van die Transformasiekantoor se kommunikasiekanale (webtuiste, Facebook en Twitter) sal deur die volgende vier punte gerig word:**

1. *Kommunikasie-uitsette sal deur die hele jaar op die* Imbizo365*-kalender vir sosiale skakeling berus*.

   Dít beteken dat uitsette uitdruklik by die aanvang van elke nuwe *Imbizo365*-skakelingstydperk aangekondig sal word, in pas met die tema van daardie tydperk (bv. die tema vir Maart is “Sosiale geregtigheid”). Weeklikse bywerkings sal ook in die loop van elke skakelingstydperk voorsien word.

2. *Die kommunikasiekanale van die Transformasiekantoor sal gebruik word om oorspronklike institusionele werk te versprei*.

   Oorspronklike navorsing sal van Maart tot November gepubliseer en bevorder word. Dít sluit in video’s en artikels waarin personeellede en studente oor transformasiekwessies gesels en skryf.

3. *Die kommunikasiekanale van die Transformasiekantoor sal institusionele statistieke versprei om die US se vordering met transformasie te weerspieël*.

   Infografika sal ontwikkel word om die US se verhaal van transformasie met betrekking tot ras, geslag, gender, klas en dies meer te vertel.

4. *Die Transformasiekantoor sal algemene transformasieverwante nuus oordra.*

   Nuus oor transformasie in sowel die hoër onderwys – hetsy plaaslik of internasionaal – as Suid-Afrika, Afrika en die res van die wêreld sal deur die hele jaar gedek word om die Universiteitsgemeenskap in te lig, op te voed en te mobiliseer.

**Bogenoemde vier punte sal tot maandelikse kommunikasie-uitsette lei, en wel soos volg:**

Bogenoemde vier punte bied ’n basiese struktuur vir hoe die kommunikasieplatforms van die Transformasiekantoor deur die jaar gebruik en bestuur sal word. In wese word die volgende dus beoog:

- Die verspreiding van oorspronklike videogrepe en artikels deur sowel personeellede as studente, ongeveer maandeliks van Maart tot November

- Die bekendstelling van US-tesisse, -vaktydskrifartikels en -tekste, vergesel van hiperskakels vir diegene wat verder wil lees, om institusionele navorsing oor transformasieverwante temas te bevorder
- ’n Ontwerpelement wat transformasieverwante statistieke van die US aanbied
- Die kommunikasie van ander uitsette uit vennootskappe van die Transformasiekantoor, soos die US Jaar van Persone met Gestremdhede en die projek Skryf vir Transformasie, deur die hele jaar

Draft